

## MOENIE LIEG NIE

- **LEVITIKUS 19:11**  
“... julle mag nie lieg of mekaar bedrieg nie.”
- **EKSODUS 20:16 (9de gebod):** “Jy mag nie vals getuienis teen 'n ander gee nie.”
- **SPREUKE 12:17**  
“Wie die waarheid aan die lig bring, lewer betroubare getuienis; 'n getuie wat lieg, maak alles vals.”
- **SPREUKE 14:5**  
“'n Betroubare getuie lieg nie; 'n vals getuie vertel een leuen na die ander”

1. **LEES** bostaande Bybelgedeeltes asook **SPREUKE 6: 12 - 23**
2. **DEEL MET MEKAAR:** **Wat staan vir jou uit/spreek jou aan in die gelese gedeeltes?**
3. **BESPREEK:** “Ons is mos kinders van die Here. Dis nie nodig dat ons hierdie bostaande verse moet lees /aan herinner word nie. Ons weet mos dat ons nie mag lieg/jok/bedrieg nie, en as kinders van die Here doen ons mos nie sulke dinge nie”;
4. **BESPREEK:** 'n "witleuentjie" of "nie die volle waarheid nie" is mos nie so erg soos iemand wat byvoorbeeld reguit in jou gesig vir jou jok nie... (*snaaks genoeg: as jy die een is wat oor iets jok, is dit nie so erg nie, is dit maar net 'n wit leuentjie; maar as iemand anders dieselfde jokstorie gebruik - veral as jy daardeur te na gekom word - dan is dit wat daardie persoon doen baie erg en verkeerd*);
5. **NOEM** aan mekaar voorbeeld van hoe mense vir ander jok/ hulle bedrieg en inloop;
6. Moet ons as Christene, wanneer iemand vir ons jok/ons naam slegmaak/ons inloop maar net stilbly? Hoe moet ons sulke situasies hanteer?
7. Uit die 2 teksgedeeltes hieronder: hoekom moet kinders van die Here nie meer lieg nie?
  - **ROMEINE 9:1**  
“**In my verbondenheid met Christus** praat ek die waarheid, ek lieg nie; **en my gewete, wat deur die Heilige Gees gelei word**, getuig saam met my”
  - **KOLOSSENSE 3:9**  
“...moenie vir mekaar lieg nie. **Julle het met die ou, sondige mens en sy gewoontes gebreek**”
8. **BID SAAM** as groep